# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**26 JULIE 2026 | GENESIS 12:1-7**

## Geroep: Op reis saam met God

**1. Beweging 1: Open en Verwelkom**
a. Dit was vakansie! Verwelkom almal terug en luister na mekaar se vakansiestories.
b. Word 'n oomblik stil om bewus te word van God, mekaar en ons omgewing. Laat ons asemhaling ons herinner aan God wat lewe gee... Laat ons bewus wees van elkeen se teenwoordigheid... Laat ons voete op die grond ons herinner aan ons kontinent, ons land, ons dorp, ons buurt, en die aarde as ons woonplek... Wat druk God vanaand op jou hart?
c. Open met gebed

**2. Beweging 2: Lees**
Lees Genesis 11:27 tot 12:9

**3. Beweging 3: Gedagtes uit ons teks**
a. Lees weer hoofstuk 11:27-32 en teken 'n stamboom van die persone wat daar genoem word. Wat leer ons hieruit?
b. Lees weer 12:1. Wat moes Abram alles agterlaat? Wat het dit van hom gevra om dit alles te los en te gaan? Hoe moes Abram gevoel het, dink julle?
c. Lees weer die beloftes in 12:2,3. Sou hierdie beloftes vir Abram help om sy besluit te neem om te gaan? Hoekom?
d. Abram het blindelings gegaan, sonder om te weet waarheen hy gaan. Hy het die belofte van 'n groot nageslag ontvang, wetend dat sy vrou Sarai, nie kinders kon kry nie. Wat het gemaak dat Abram tog gegaan het?
e. Wat is die verband tussen roeping en seën, soos ons in hierdie deel van Abram se verhaal leer? Hoe sou ons die verhaal verstaan, nie met die klem op God se roeping aan Abram nie, maar God se beloftes van seën aan Abram?
f. Ten diepste het Abram vir God op sy Woord geneem – vir God vertrou, aan God se beloftes vasgehou, in God se trou gerus. Hoe moeilik of maklik kry ons dit reg om God te vertrou, God op sy Woord te neem, in God te glo?
g. Sien jou lewe as 'n reis... Jy kom van iewers en jy is op weg na êrens. Wat is die faktore wat jou reis bepaal? Waaraan hou jy vas? Waarna hunker jy? Wie reis saam met jou? Waarop hoop jy? Watter rol speel God en God se beloftes in jou reis? Wat doen dit om te weet: God reis altyd saam met jou?
h. Daar is nog een saak: God gebruik Abram (later Abraham) om tot seën van ander te wees. God seën jou ook om tot seën van ander te wees. Hoe, dink jy, wil God ander seën – deur jou? Is jy bereid om dit te doen? Wat sal dit van jou vra?

**4. Beweging 4: Afsluiting**
Sluit af met gebed en geniet 'n heerlike koppie tee en verkeer gesellig saam.

**5. Beweging 5: Aankondigings**
a. Nominasies vir kerkraadslede word ingewag. Bid en kyk op wie die Here jou aandag rig. Nomineer by die kerkkantoor.
b. Augustus is Sorgmaand. Ons leef mee met organisasies wat 'n groot verskil in ons samelewing maak. Kom luister elke Sondag na nog 'n verhaal van verskil-maak in ons wêreld.